

## HOOFSTUK 2

### „DIE GEMEENTE CHUBUT“

Die Kerklike lewe van die Afrikaners in Argentinië het officieel 'n aanvang geneem met die stigting van die „Gemeente Chubut“ op 13 September 1903 aan boord van die S.S. Cornwall op die Atlantiese Oseaan.

Op 3 September 1903 het C.J.N. Visser en sy Trek Kaapstad verlaat op weg na Argentinië. Hierdie trek het uit 102 persone of 33 huisgesinne bestaan.<sup>1)</sup> Hierdie mense het almal aan verskillende N.G. gemeentes in Suid-Afrika behoort, behalwe ds. L.P. Vorster, predikant van die Gereformeerde Kerk Burgersdorp.<sup>2)</sup> Ds. Vorster het saamgegaan „om het land te sien met het oogmerk op mogelijke verdere kolonisasie van uit Zuid-Afrika, maar ook om met een dan als Evangeliedienaar te voorsien in die geestelike belange der landsverhuizers.<sup>3)</sup> Met die oog op die vervulling van laasgenoemde taak, het hy van sy kerkraad 'n lasbrief ontvang.<sup>4)</sup>

#### 1. Die Stigting van die Gemeente

Soos reeds verneem, was die doel van ds. Vorster se besoek o.a. om te voorsien in die geestelike behoeftes van die landsverhuizers. Ten opsigte van die vervulling van dié taak het hy hom in 'n moeilike posisie bevind:

- 
- 1) „Ons Land“, Brief ds. L.P. Vorster, 26 Januarie 1904. G.K.A. - Buenos Aires. Brief L.P. Vorster aan ds. Keizer.
  - 2) „Ons Land“, 26 Januarie 1904. N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,3/2.
  - 3) G.K.A. - Buenos Aires, Brief L.P. Vorster aan ds. Keizer en N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1.
  - 4) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1., notule 13 Sept.1903.

„De menschen behooren allen tot die N.G. Kerk. Ik als predikant van die Gereformeerde Kerk had noch van de Ned. Geref. nog van mijn eigen Kerk eenige opdracht tot de stichting eener gemeente — wel een lastbrief van mijn Kerkraad om op mijn reis naar tyd en gelegenheid werkzaam te wezen in Gods Koninkryk. Om nu die menschen sonder eenige Kerklyke organisasie te laten, zou voor hun geestelike en voor hun maatschappelyke welzijn hoogst nadeelig wezen. Ik besloot daarom in overleg met de broeders, hen tot een Gemeente te stichten".<sup>5)</sup>

#### 1.1. Die Stigting op 13 September 1903

So is daar dan op die 13de September 1903 'n gemeentevergadering aan boord van die stoomskip 'Cornwall' opgeroep.<sup>6)</sup> Ds. Vorster het die aanwesiges toegesprek oor die doel van sy meegaan na Argentinië en daarna sy lastbrief aan hulle voorgelees. Hy het voortgegaan deur te sê dat aangesien die meeste huisgesinne nou hier bymekaar is en dit miskien later, as hulle in Argentinië is, baie moeilik sal wees om hulle almal weer so bymekaar te kry „het waarskynlik nu de geschikste tyd en gelegenheid zal wezen om de kerkelyke aangelegenheden te bespreken. Hy wenscht geen dwang op eenigerlei wyse uit te oefenen en die zaken geheel en al te laten in oordeel van de vergadering toch meent hij, dat het voor de geestelike belangen der landsverhuizers mischien best zal wezen als men dadelijk kan overgaan om de lidmaten hier teenwoordig tot eene Gemeente te organizeeren, dan kunnen diegenen die nu reeds al in Chubut zijn, zich by de Gemeente aansluiten en zaken kunnen dan later meer

---

5) „Ons Land", artikel ds. L.P. Vorster, 26 Jan. 1904.

6) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1. Notule 13 Sept. 1903.

definitief geregeld worden".<sup>7)</sup> Dit was vir ds. L.P. Vorster belangrik dat daar nou oorgegaan moes word tot die stigting van 'n gemeente, vir eers egter sonder enige kerklike verband. Ten opsigte van die kerkverband het hy dit aan hulle oorgelaat „om verband te soeken met die Nederduidsch Gereformeerde of eenig ander Kerkgenootschap",<sup>8)</sup> of soos hy later geskryf het: „na tyd en omstandighede met een of ander Protestantse Kerk in verband kan tree".<sup>9)</sup>

Nadat ds. Vorster die aanwesiges toegesprek het, is die volgende voorstel deur C.J.N. Visser gemaak:

„Deze vergadering besluit om over te gaan om de Gemeente leden tot eene Gemeente te organiseren en dat daartoe heden namiddag eene vergadering gehouden worden om de namen der lidmaten op te nemen en Kerkraadsleden te verkiesing".<sup>10)</sup> Die voorstel is algemeen aangeneem en die vergadering het tot die middag verdaag.

Tydens die namiddagbyeenkoms het ds. L.P. Vorster as voorsitter ageer en C.F. Yeats as skriba. Die name van die aanwesiges is toe opgeneem en volgens die notule was 21 afkomstig vanaf Rhodes, 16 vanaf Barkley-Oos, 6 vanaf Vredefort, 21 vanaf Ugie, 21 vanaf Cederville, 10 vanaf Lady Grey en 1 vanaf Piquitberg. In totaal dus 96 persone waarvan 56 kinders was.<sup>11)</sup>

Slegs enkeles het egter hulle attestate of bewys van lidmaatskap saamgebring. Ds. Vorster het toe gesê:

---

7) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1, Notule 13 Sept. 1903.

8) „Ons Land", 26 Januarie 1904.

9) Die Kerkblad, 20 Maart 1928.

10) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1, Notule 13 Sept. 1903.

11) Ibid.

„dat hij in zodanig geval niet weet wat de regels is in de Ned. Geref. Kerk — doch in de Geref. Kerk waartoe Z. Eerw. behoort is het niet gebruikelik by de stichting eener nieuwe gemeente van bekende lidmaten attesten of bewijsen van lidmaatschap te eischen.“<sup>12)</sup>

Nadat die aangeleentheid enige bespreking uitgelok het, is met algemene stemme besluit „daar bovergenoemde personen aan elkander bekend zijn als lidmaten der Ned. Geref. Kerk die niet onder Kerklijke tucht zijn, worden ze allen opgenomen als lidmaten en dat hunnen namen als zoodanig in het lidmaat boek worden ingeschreven“.

C.J.N. Visser het verder voorgestel dat twee ouderlinge en twee diakens verkies moes word en dat indien nodig, later na bevind van sake, nadat hulle in Chubut aangekom het, die getal vermeerder kan word. Hierna is C.J.N. Visser en C.P.H. Myburgh met meerderheid van stemme tot ouderlinge en L. le Grange en P. Greyling is tot diakens verkies. Die voorsitter het dit goed geag dat die persone so spoedig moontlik in hulle amp bevestig moet word. Op voorstel van C.J.N. Visser is besluit om dit die eerskomende Sondag te doen. Hierna is die vergadering met dankgebed deur J.A. Vorster afgesluit.<sup>13)</sup>

So het die kerklike lewe van die Afrikaners begin nog voordat hulle in Argentinië geland het.

#### 1.2. Ds. Vorster se posisie

Hoe moet ons hierdie handelswyse van ds. L.P. Vorster beoordeel? Hy stig 'n gemeente sonder 'n naam, sonder verband, met persone wat almal lidmate was van

---

12) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1, Notule 13 Sept. 1903.

13) Ibid.

die N.G. Kerk in Suid-Afrika. Hierdie optrede van ds. Vorster het verskillende reaksies uitgelok. Dit was in die eerste plek ds. A.G.T. Schoevers van Upington wat sy pen opgeneem het en 'n woord van waardering en dank laat hoor het: „De Kerk is zeker wel innigen dank aan ds. Vorster verschuldigd, die zoo welwillend het zijne heeft gedaan en ons den ernst der zaak onder de oogen gebracht heeft, maar nu hoop ik dat er ook plannen beraamd zullen worden om dadelijk een Evangeliedienaar daarheen te zenden”.<sup>14)</sup>

Na aanleiding van die rapporte van ds. Vorster in „Ons Land” waarin hy o.a. verslag gedoen het van die stigting van die gemeente skryf ds. A.D. Lückhoff dat ds. Vorster „nie alleen vir hulle nie, maar ook vir die Moederkerk 'n groot diens bewys het. Die aandag van die kerk is daardeur op Argentinië gevestig. Straks sou die hart van die Kerk geraak word totdat eindelijk ook die hand van hulp aangebied word”.<sup>15)</sup> Want, so het ds. Vorster verder in sy verslag geskryf: „Ik twyfel er niet aan, dat zoodra er van de zijde van die gemeente aansoek gedaan word by de N.G. Kerk van Zuid-Afrika, deze wel zal weten haar plicht tegenover die kleine en ver verwyderde Gemeente te vervullen”.<sup>16)</sup> Ons bemerk by genoemde predikante 'n waarderende houding vir dit wat deur ds. Vorster gedoen is, hoewel dit in die geval van ds. Lückhoff meer 'n waardering vir die artikels is wat deur ds. Vorster geskryf is. Oor die stigting van die gemeente en oor die meriete van die saak is daar nie veel gesê nie.

---

14) Die Kerkbode, 18 Februarie 1904, p.363.

15) Lückhoff, ds. A.D., a.w., p.18.

16) „Ons Land”, artikel ds. L.P. Vorster, 20 Jan. 1904.

Dit was eers in 1926 dat F.D. Conradie in sy nabetragting oor die kerklike gebeure in Argentinië hierop teruggekom het.<sup>17)</sup> Hy konstateer dat die ongesonde toestand waarin die Ned. Geref. Kerk in die Boerekolonie in Patagonië vanaf 1903 tot 1925 verkeer het, toegeskrywe kon word o.a. aan die besluit van ds. L.P. Vorster om 'n gemeente te stig uit mense wat almal lidmate van die N.G. Kerk was.<sup>18)</sup> „Die stigting van die gemeente het die grondslag gevorm vir verwarring, onenigheid en uiteindelik hewige twis en 'n skeuring tussen en onder ons, die Afrikaners in die Kerk, en in die maatskaplike omgang ...”<sup>19)</sup> Hierdie besluit was ook toe te skryf aan losse, onbedagsame en mislukte pogings om die Gereformeerde en Nederlands Gereformeerde elemente te verenig. Ds. Vorster was bewus daarvan dat daar ook nog meer mense na Argentinië sou kom en dat onder hulle Gereformeerdes sou wees.<sup>20)</sup> Die gevolge van so 'n besluit kon nie anders as om op 'n mislukking uit te loop nie, wat ook inderdaad die resultaat was. Die Kerkgeskiedenis vanaf 1859 bewys net een onweerlêbare feit: „Die Gereformeerde element is 'n onversoenbaar element — dit gee nie een iota of titel toe nie, egter is dit altyd, altyd gewillig en begerig om slegs te neem, toe te eien, te proselieteer!”<sup>21)</sup> En daarom betwis hy die wettigheid van die stigting van die gemeente volgens N.G.-beginsels en

---

17) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,10/1. Conradie, F.D., a.w., p.

18) Ibid., p.27, ook p.18, Deel II.

19) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,10/1. Conradie, F.D., a.w., p.27.

20) Ibid., p.27, 32.

21) Ibid., p.27.

wette,<sup>22)</sup> want hier is 'n Gereformeerde leraar wat sonder opdrag of versoek van die Ned. Geref. Sinode, die twyfelagtige taak en verantwoordelikheid op homself neem om Ned. Gereformeerde lidmate en lede te organiseer in 'n gemeente sonder 'n naam.<sup>23)</sup> Hy beweer dat die feit dat ds. Vorster 'n lasbrief van sy kerk gehad het „sertifiserende dat hy Gereformeerde leraar of predikant is en outoriserende offiseel in daardie kapasiteit op te tree waar hy ook al goed mag vind op sy reis" — hom slegs gemagtig het om Gereformeerde administratiewe werk te doen, niks minder, niks meer en niks anders nie. Die handelswyse van ds. Vorster kan dus nie anders as „ultra vires" beskou word nie.

In die feit dat daar nie oor 'n naam vir die gemeente besluit is nie, dat dit wel later in 1907 „gedoop" is, maar die geloofsdesignasie sorgvuldig weggelaat is, sien hy die bedekte poging om die Gereformeerde en Nederduits Gereformeerde elemente te verenig.<sup>24)</sup> In 'n laaste opmerking wat hy maak, konkludeer hy „die haas om die lidmate van die kerk in 'n gemeente te organiseer was voorbarig, daar het geen noodsaaklikheid voor bestaan nie en het die Nederduits Gereformeerde Kerk in Chubut net die vrugte van twis en verwarring besorg".<sup>25)</sup> Hy verwys dan hier na die twis tussen C.J.N. Visser en ds. A.J. Jacobs.<sup>26)</sup> Die stigting van die gemeente was dus niks

---

22) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,10/1. Conradie, F.D., a.w., p.31.

23) Ibid., p.32.

24) Ibid., p.27, 32, 33.

25) Ibid., p.33.

26) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1, Notule 21 Des. 1907.

anders as 'n inmenging van Gereformeerde kant nie.<sup>27)</sup>

„Al die gekyf, die twis, die tweedrag, die wrywing tussen die Afrikaners hier, is te danke aan niemand anders as aan C.J.N. Visser nie die op elke stadium die persoon was die Gereformeerde invloed oor die Nederduits Gereformeerde bewerk en beïnvloed het sedert 1903 aan boord van die S.S. Cornwall".<sup>28)</sup>

Dat ds. Vorster oorhaastig en sonder om oor die daad na te dink, opgetree het moet ten sterkste ontken word. Intendeel, hy het deeglik besef wat hy doen:

„Ik vond my met betrekking tot deze zaak in een zeer moeilijke positie. De menschen behooren allen tot de N.G. Kerk. Ik als predikant van die Gereformeerde Kerk ha' noch van de Ned. Geref. nog van mijn Kerk eenigen opdracht tot de stichting eener gemeente — wel een lastbrief van mijn Kerkraad om op mijn reis naar tyd en gelegenheid werkzaam te wezen in Gods Koninkryk. Om nu die menschen sonder eenige kerkelijke organisatie te laten, zou voor hun geestelijke en voor hun maatschappelijke welzyn hoogst nadelig wezen. Ik besloot daarom in overleg met de broeders, hen tot een Gemeente te stichten ...."<sup>29)</sup>

In 1928 skryf hy in „Die Kerkblad": „Ek het gevoel dat dit vir my as predikant onverantwoordelik sou wees om die mense daar in die vreemde aan hulle lot oor te laat sonder enige kerklike organisasie."<sup>30)</sup> Ds. Vorster was van mening dat dit prakties onmoontlik sou wees om hierdie

---

27) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,10/1. Conradie, F.D., a.w., p.33.

28) Ibid., p.16, 17, Deel II, 1935.

29) „Ons Land", artikel ds. L.P. Vorster, 26 Jan. 1904.

30) Die Kerkblad, artikel: Die Afrikaners in Chibut.



uitgewekenes vanuit Suid-Afrika te bedien. Dit blyk baie duidelik uit sy brief aan ds. Keizer in Noord-Amerika: „Van uit Zuid-Afrika is het bijkans onmogelijk die gemeente te bedien”.<sup>31)</sup> Hy was verder ook oortuig van 'n bepaalde houding by die N.G. Kerk, nl. dat hulle nie belang gestel het nie.<sup>32)</sup> In die lig hiervan het hy, in oorleg met die leiers van die Trek, besluit om die gemeente te stig. 'n Gemeente onder toesig van 'n kerkraad sou 'n groot behoudende faktor in die lewe van die uitgewekenes wees en sou verhoed dat hulle nie gou verstrooid raak of onder die Roomsers verval nie.<sup>33)</sup> Dit het dus vir hom daarom gegaan: as hulle maar kerklik georganiseer en versorg is. Daar is geen rede om hierdie optrede te sien as 'n bemoeiing van Gereformeerde kant met die oog op oorheersing nie.<sup>34)</sup>

Dat hy bediening deur die N.G. Kerk nie uit die oog verloor het nie, ja selfs in 'n sekere mate daarop gereken het omdat dit vir hom hoogs waarskynlik was, blyk uit wat hy in sy rapporte geskryf het: „Ik twyfel er niet aan, dat zoodra er van de zijde van die gemeente aanzoek gedaan word by die N.G. Kerk van Zuid-Afrika, deze wel zal weten haar plicht tegenover die kleine en ver verwijderde gemeente te vervullen”.<sup>35)</sup>

Die eerlikheid van sy optrede kom verder daarin uit dat hy deur 'n gemeente sonder kerkverband te stig, dit aan hulle oorgelaat het om self verband te soek met die Nederduits Gereformeerde of enige ander kerkgenoot-

---

31) G.K.A. - Buenos Aires. Brief ds. Vorster aan ds. Keizer gedateer 17 Maart 1904.

32) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,10/1. Conradie, F.D. a.w., p.10, Deel II.

33) G.K.A. - Buenos Aires, a.b.

34) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,10/1. Conradie, F.D. a.w., p.33 en 16, Deel II.

35) „Ons Land”, 20 Januarie 1904.

skap.<sup>36)</sup> Dat ds. Vorster niks geadviseer het i.v.m. 'n naam vir die gemeente nie, en ook die „geloofs designasie" soos Conradie dit stel<sup>37)</sup> weggelaat het, is logies. Ds. Vorster gee dan ook self die antwoord daarop in 'n pennestryd tussen hom en ds. J.J. Wasserfall: „'n Gemeente van die Ned. Geref. Kerk van Suid-Afrika kon ek nie stig nie om die eenvoudige rede dat ek daartoe van die Kerk geen opdrag had nie".<sup>38)</sup> Ds. Vorster self het wel van die Gemeente Chubut gepraat, ja selfs voor in die notuleboek geskryf: Notuleboek van die Gemeente Chubut, maar die vergadering self het nooit daarvoor 'n besluit geneem nie.<sup>39)</sup> Oor die naam en die kerkverband moes die kerkraad self besluit.<sup>40)</sup>

Dat die stigting van die gemeente later 'n bron van moeilikheid tussen ds. A.J. Jacobs en ouderling C.J.N. Visser geword het, kan nie ontken word nie.<sup>41)</sup> Die kwessie het so ver gegaan dat dit deur die Kerkraad in behandeling geneem is. Daar is beweer dat die stigting indirek die grondoorsaak was van die driejarige twis en vyandskap tussen ds. Jacobs en C.J.N. Visser c.s. wat ds. Jacobs genoodsaak het om in Maart 1910 die moderatuur van die N.G. Kerk in Suid-Afrika te versoek om hom te herroep ....<sup>42)</sup> Wat die kwessie

---

36) „Ons Land", 26 Januarie 1904.

37) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,10/1. Conradie, F.D. a.w., p.33.

38) Die Kerkblad, 20 Maart 1928, p.480.

39) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1. Ook „Ons Land", 26 Januarie 1904. G.K.A. - Buenos Aires, Brief aan ds. Keizer 17 Maart 1904.

40) „Ons Land", 26 Januarie 1904.

41) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1. Notule Kerkraad 21 Desember 1907, art.2.

42) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,10/1. Conradie, F.D. a.w.; p.18.

tussen genoemde twee broeders presies was, is volgens die notule 'n Chinese raaisel. Daar is geen verdere bron wat enige lig op die saak werp nie. Die notule vermeld slegs in art. 2: Kwessie. Ds. Jacobs:- „Ik zal duidelijk maken naamlijk Br. Visser heeft niet gezeg dat ds. Vorster heeft niet kennis gegeeft het maar gezeg heeft dat wij geen kennis werd gegeeft van de stichting van de gemeente van Cornwall".<sup>43)</sup> Conradie wat in die tussentyd blykbaar meer inligting oor die saak bekom het, skryf in 1935 dat ds. Jacobs die geldigheid en selfstandigheid van die stigting deur 'n Gereformeerde predikant, van 'n gemeente met Ned. Geref. lidmate, totaal ontken het.<sup>44)</sup>

Hoe dit ook al sy, die eerlik en goedbedoelde daad van ds. Vorster het volgens Conradie „absoluut geen voordeel gebring nie, want sedert 1903 tot 1907 by die aankoms van ds. Jacobs, was 'n „Gemeente Chubut" 'n haar kerkraad 'n dooie letter. Die stigting was dus voorbarig, nutteloos en onwettig, en boonop die kern van later twis en vyandskap tussen C.J.N. Visser, C.P.H. Myburgh en ds. Jacobs ...." Dit is gesien as die begin van die ellende veroorsaak deur Gereformeerde bemoeienis.<sup>45)</sup> Dit is die konklusie waartoe Conradie kom.

## 2. Werkzaamhede van die kerkraad

Kom ons nou tot die werkzaamhede van die kerkraad van die „Gemeente Chubut", dan doen ons die teleurstellende ontdekking dat die kerkraad vir drie jaar en vyf maande nie een kerkraadsvergadering gehou het nie. Sedert die stigting van die gemeente in 1903, tot

---

43) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1.

44) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,10/1. Conradie, F.D., a.w., p.18.

45) Ibid.

en met die eerste vergadering na die aankoms van ds. A.J. Jacobs op 14 Februarie 1907, is daar niks aangeteken in die notuleboek wat deur ds. Vorster aangê is nie.<sup>46)</sup>

Ds. L.P. Vorster het ook 'n doopregister vir die gemeente aangê, waarin tot en met die koms van ds. A.J. Jacobs in 1907 slegs die twee name van die kinders was wat deur ds. Vorster op die S.S. Cornwall gedoop is. Die twee kinders was dié van mnr. & mev. W.C. McGregor van Vredefort in die O.V.S. t.w. St. Auge en Roy onderskeidelik gedoop op die 7de en die 13de September 1904.

Tydens die stigtingsvergadering is besluit dat slegs twee ouderlinge en twee diakens gekies sal word en om dan, indien nodig, na bevind van sake die getal te vermeerder. Van die uitvoering van die besluit het daar ook niks van tereggekome nie. Daar is verder besluit om die name van die lidmate in 'n lidmaatregister op te teken. „Die twee ouderlinge het daarvoor nooit tyd gevind nie en dit was aan ds. Jacobs oorgelaat om 'n lidmaatregister aan te lê ....”<sup>47)</sup>

En so konkludeer Conradie: „Ons sien dus dat die stigting van die „Cornwall” Kern Gemeente 'n voorbarige, nadelige en nuttelose optrede was, want prakties beskoud was hulle met hul kerkraad, volgens argiewe, gedurende die drie jaar en vyf maande op kerklik gebied dood, so dood as 'n klip”.<sup>48)</sup>

„Die Kerkraad was soveel as marionette in die poppekas sover as die geestelike toestand van die landsverhuisers aangaat”.<sup>49)</sup>

---

46) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1.

47) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,10/1. Conradie, F.D., a.w., p.45.

48) Ibid., p.74.

49) Ibid., p.36.

Vir sy eie finansiële voordeel was Visser egter baie bedrywig in die tyd. 'n Vaste kerkman was hy nie en daarom het hy bloedweinig vir die Nederduits Gereformeerde Kerk hier gedoen.<sup>50)</sup>

Dit is al rede wat gevind kan word vir die Rip van Winkel-slaap van die kerkraad vir die tydperk van drie jaar en vyf maande.



---

50) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,10/1. Conradie, F.D., a.w., p.36, 74 en 17, Deel II.